# SARS ALBERTONTAK GESLUIT NA BRAND UITBREEK

**Pretoria, Maandag 27 Maandag 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het sy Albertontak gesluit nadat 'n brand uitgebreek en skade aan die eerste vloer aangerig het op Maandag 27 Mei 2019.

Die gebou is ontruim en geen beserings aangemeld nie.

Bedrywighede by die tak is gevolglik gestaak totdat die betrokke areas veilig verklaar word vir sake doen. Mobiele belastingeenhede sal by die Alberton Kampus beskikbaar wees om beperkte belastingverwante dienste te lewer.

Doeane kliënte en handelaars word aangeraai om sake te doen op die eerste vloer van die New Agents-gebou by OR Tambo Internasionale Lughawe in Kempton Park of by die SARS Doeane-hoofgebou (plaaslik) te h/v Francis Baard en Lilian Ngoyistraat, Pretoria. Hierdie kantore sal dienste verskaf met betrekking tot reëls van oorsprong, kontantkantoor, lisensiëring en registrasie.

Verwante doeane-dokumente kan ook by die ontvangs van Alberton Kampus se wetstoepassingsgebou te McKinnonsingel 15, New Redruth, Alberton ingedien word. Sodanige dokumente sluit in DA 63, DA 66, TDN indienings en kwytskeldings.

Alhoewel, vir inkomstebelasting-verwante navrae, word belastingpligtiges versoek om die naaste alternatiewe takke te besoek - Soweto Dube, Soweto Orlando-oos, Rissikstraat, Edenvale, Boksburg, Benoni en Roodepoort.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens vra om verskoning vir enige ongerief veroorsaak en verseker alle belastingpligtiges dat bedrywighede so gou moontlik hervat sal word.